



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## NOVEMBER 2015

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer jy die vrae beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | **3** | **60** | **30 minute** |
| | **4** | **60** | **30 minute** |
| | **5** | **60** | **30 minute** |
| | **6** | **60** | **30 minute** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **7** | **40** | **30 minute** |
| | **8** | **40** | **30 minute** |
| | **9** | **40** | **30 minute** |
| | **10** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 'n Funksie van 'n SOOO ('SETA') is om …

A voorkeurverkrygingkontrakte te registreer.
B werknemers tot senior poste te bevorder.
C 'n bestuursplan te ontwikkel.
D leerlingskapooreenkomste te registreer.

1.1.2 Besighede moet seker maak dat leners/kliënte in staat sal wees om hul lenings binne die vasgestelde tydperk terug te betaal voordat 'n lening toegestaan word. Dit is een van die hoofdoelwitte van die …

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008).
B Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005).
C Wet op Arbeidsverhoudinge,1995 (Wet 66 van 1995).
D Wet op Gelyke Indiensneming/Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998).

1.1.3 ... kommunikeer hoofsaaklik deur middel van interaksie, gedrag of charisma.

A Leiers
B Volgelinge
C Werknemers
D Ondergeskiktes

1.1.4 'n Oorversekerde pakhuis impliseer dat dit vir … verseker is.

A minder as die vervangingswaarde
B minder as die werklike waarde
C meer as die markwaarde
D dieselfde as die boekwaarde

1.1.5 Hierdie probleemoplossingstegniek laat 'n bestuurder oplossings op sy/haar eie vind:

A Dinkskrum
B Delphi
C Leë stoel
D Gedwonge kombinasie

1.1.6 SASOL Bpk. is nie net oor hul finansiële posisie begaan nie, maar ook oor hulle sukses op maatskaplike en omgewingsgebied. Daarom doen hulle ook verslag oor hulle … prestasie.

A winsgewendheid-
B sosiale
C Porter se Vyf Kragte/Magte-
D drievoudige sleutel- ('triple bottom line')

1.1.7 Joseph is pas as die instandhoudingtoesighouer by die Blue Beach Hotel aangestel. Hy sal die beleids-en-prosedurehandleiding van die hotel gedurende die …-program ontvang.

A plasings
B induksie
C werwings
D siftings

1.1.8 Browns Argitekte Geïnk. is 'n voorbeeld van 'n …

A vennootskap.
B beslote korporasie.
C persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy.
D privaat maatskappy.

1.1.9 Senzo belê R8 000 by Burger Bank vir drie jaar teen 10% enkel-voudige rente. Burger Bank sal … na drie jaar uitbetaal wanneer die belegging verval.

A R10 400
B R8 800
C R10 648
D R2 400

1.1.10 DJ Vynil speel deeltyds musiek by funksies. Die vraag na sy dienste het toegeneem en hy oorweeg dit om dit voltyds te doen. 'n Swak punt wat deur sy SSGB ('SWOT')-analise uitgelig is, kan … wees.

A munisipale regulasies wat geraasvlakke in sekere gebiede beperk
B duur klankstelsels
C meer uitnodigings na glansryke geleenthede
D ervaring as 'n platejoggie ('DJ') (10 x 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e)/afkorting in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e)/afkorting langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| primêre; menslike hulpbronne; gehaltebeheer; griewe; gehalteversekering; WVF; tersiêre; POF; konflik; Nasionale Vaardigheids |

1.2.1 Die … vergoed iemand wat in 'n motorongeluk beseer is of hy/sy deel van die oorsaak van die ongeluk was of nie.

1.2.2 Die … sektor sluit alle industrieë/nywerhede in wat dienste aan ander besighede en verbruikers lewer.

1.2.3 ... is die stelsel wat verseker dat die finale produk aan die vereiste standaarde voldoen.

1.2.4 Die … -prosedure kan gebruik word om die saak van verbale misbruik van die sekretaresse deur haar bestuurder op te los.

1.2.5 Die … -ontwikkelingstrategie sluit aksieplanne in om te verseker dat naskoolse onderwys en opleiding verbeter. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/Wet in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Sifting | A verslagdoening is om inligting wat moontlik nadelig vir 'n maatskappy se beeld kan wees, te verswyg |
| 1.3.2 Aflegging | B implementeer regstellende aksie om onregverdige diskriminasie op alle vlakke te voorkom |
| 1.3.3 Aftree-annuïteite | C kies die geskikste kandidaat vir die pos |
| 1.3.4 Wet op Gelyke Indiensneming/Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998) | D die vrywillige beëindiging van die indiensnemingskontrak deur die werknemer |
| 1.3.5 Openbaarmaking | E geen onttrekkings kan uit die fonds gemaak word voor die ouderdom van 55 nie |
| | F elimineer kandidate wat nie vir die pos geskik is nie |
| | G 'n enkelbedraguitbetaling sal slegs ná die dood van die versekerde gemaak word |
| | H 'n defensiewe/verdedigende strategie wat gebruik word wanneer bankrotskap 'n besigheid in die gesig staar |
| | I verhoog toegang tot finansiering vir swart entrepreneurs |
| | J doen verslag oor die positiewe en negatiewe impak van 'n maatskappy |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Klassifiseer elke scenario volgens die betrokke pilaar soos in die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) uiteengesit:

2.1.1 Die bevordering van drie swart vroue as hoofde van verskillende afdelings

2.1.2 Gebruik Nkosi Vervoer se dienste om produkte te versprei

2.1.3 'n Onlangse skenking van R30 000 om tot die bou van 'n gemeenskapskonferensiesentrum by te dra

2.1.4 Stuur werknemers twee maal 'n jaar vir opleidingsessies om hulle vaardighede te verbeter

2.1.5 'n Uitnodiging aan werknemers om aandele in die maatskappy te koop (5 x 2) (10)

2.2 Beskryf die *strategiese bestuursproses*. (8)

2.3 Verduidelik die impak van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) op besighede. (8)

2.4 Onderskei tussen *produkontwikkeling* en *markontwikkeling.* (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FRUITCO BPK. (FC)**

Mnr. Tom is 'n masjienoperateur wat by Fruitco Bpk. werk, 'n fabriek wat vrugte verpak en na Amerika uitvoer. Hy is tydens die uitvoer van sy pligte ernstig beseer en is hospitaal toe gehaas sonder dat die ongeluk aangemeld is.

Fruitco se bestuur het die aard van die ongeluk ondersoek en bevind dat mnr. Tom nie sy beskermende klere gedra het nie, ten spyte daarvan dat hy dikwels aangeraai is om dit te doen.

Die dokter se verslag het aangedui dat mnr. Tom vir drie maande ongeskik vir werk sal wees.

2.5.1 Noem die Wet wat op mnr. Tom se ongeluk by die werk van toepassing is. (2)

2.5.2 Bespreek die impak van die Wet waarna in VRAAG 2.5.1 verwys word op besighede (werkgewers en werknemers). (6)

2.5.3 Is mnr. Tom se beseringseis geregverdig? Haal TWEE redes uit die scenario aan om jou antwoord te motiveer. (2)

2.6 Stel maniere voor waarop 'n besigheid die voorskrifte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) kan nakom. (8)

2.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**KAREN'S EVENTS (KE)**

Karen's Events spesialiseer in spyseniering vir troues. Ten spyte van Karen se hoë pryse, het sy baie kliënte as gevolg van uitstekende dienslewering en stylvolle dekor. Dit was maklik om haar besigheid te begin, want sy het slegs 'n handelslisensie en 'n klein kapitale bedrag benodig. Karen's Events koop al haar produkte by Thuli Bpk., wat die enigste verskaffer van dekor en materiaal vir troues in hierdie bedryf is. Sammy's Party Planners, wat in dieselfde gebied handel dryf, bied soortgelyke dienste teen bekostigbare pryse aan.

Ontleed Karen's Events se markomgewing deur Porter se Vyf Kragte-/Magte-model te gebruik. (12)
**[60]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BONGANI ALGEMENE HANDELAAR (BAH)** |
|---|
| Bongani Algemene Handelaar se voorraad is nie verseker nie. As 'n versekeringsmakelaar, het BAH jou vir advies oor versekering genader. Jy het 'n kwotasie vir die koste van versekering vir BAH se voorraad voltooi. Die maandelikse premie is teen R2 800 gekwoteer op 'n totale waarde van goedere ten bedrae van R2 800 000. |

3.1.1 Identifiseer die tipe versekering wat BAH benodig en gee EEN rede waarom dit vir die besigheid voordelig is. (4)

3.1.2 Noem en verduidelik die tipe versekering wat Bongani behoort te oorweeg om sy afhanklikes te beskerm wanneer hy sterf. (5)

3.1.3 Definieer die volgende versekeringskonsepte:

(a) Awery-/Gemiddelde klousule (2)
(b) Herinbesitstelling (2)

3.2 Gee TWEE redes vir die stigting van 'n maatskappy in staatsbesit (MSB). (4)

3.3 Bespreek die voordele van effektetrusts as 'n medium- tot langtermyn-belegging. (8)

3.4 Onderskei tussen *gewone aandele* en *voorkeuraandele*. Gee EEN voorbeeld van elk. (10)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JONNY'S GLASS (EDMS.) BPK. (JG)** |
|---|
| Jonny's Glass (Edms.) Bpk. spesialiseer in die vervaardiging van glas. Die maatskappy het beperkte kapitaal, wat groei belemmer. Jonny wil sy maatskappy omskakel in een wat hom in staat sal stel om die publiek uit te nooi om aandele te koop. |

3.5.1 Identifiseer die ondernemingsvorm wat deur Jonny's Glass (Edms.) Bpk. voorgestel word. (1)

3.5.2 Beskryf hoe die volgende faktore die sukses of mislukking van die ondernemingsvorm waarna in VRAAG 3.5.1 verwys word, kan beïnvloed:

(a) Verdeling van winste (4)
(b) Wetgewing (4)

3.5.3 Beveel 'n geskikte ondernemingsvorm aan wat Jonny in staat sal stel om aandele aan die publiek te verkoop. (1)

3.5.4 Noem die dokument wat Jonny's Glass sal publiseer om die publiek te nooi om aandele te koop. (1)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **LEIERSKAP** |
|---|
| Shawn is 'n aankoopbestuurder en Tracy is sy assistentbestuurder. Shawn maak altyd seker dat werknemers streng by die reëls en regulasies hou, terwyl Tracy die laissez-faire- of vryeteuelsleierskapstyl verkies. |

3.6.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur Shawn in die scenario hierbo gebruik word. (2)

3.6.2 Evalueer die doeltreffendheid van die leierskapstyl waarna in VRAAG 3.6.1 verwys word. (6)

3.6.3 Stel DRIE redes voor waarom werknemers die laissez-faire- of vryeteuelsleierskapstyl kan verkies. (6)
**[60]**

**VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE**

4.1 Noem enige DRIE ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (3)

4.2 Gee in breë trekke DRIE praktiese maniere waarop 'n besigheid se korporatiewe maatskaplike/sosiale investeringsprojekte (KMI/KSI) tot die gemeenskap kan bydra. (6)

4.3 Bespreek die VIER stadiums van spanontwikkeling. (12)

4.4 Stel maniere voor waarop besighede sosiale regte in die werkplek kan bevorder. (6)

4.5 Verduidelik die verhouding tussen *etiese* en *professionele* gedrag in die werkplek. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SEABREEZ FISH-AND-CHIPS (SFC)** |
|---|
| Portia het Seabreez Fish-and-Chips by haar huis begin. Sy koop vars vis by plaaslike vissermanne en maak dit in haar agterplaas skoon. Haar bure kla oor die slegte reuk wat van haar erf kom want sy gebruik nie die korrekte metode om van haar winkel se afval ontslae te raak nie. Sy gebruik weer ou kookolie om die vis en skyfies voor te berei, wat tot maaltye van swak gehalte lei.<br><br>Sy het drie werknemers wat oor naweke dubbelskofte werk, sonder enige ekstra vergoeding. |

4.6.1 Identifiseer DRIE onetiese en onverantwoordelike besigheidspraktyke in die scenario hierbo. (3)

4.6.2 Beveel maniere aan waarop Portia elk van die DRIE onetiese besigheidspraktyke wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is, kan aanpak. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| ANGEL CLOTHING (AC) |
|---|
| Angel Clothing spesialiseer in die verkoop van sportdrag vir vroue. Die besigheid se verkope is besig om te daal en hulle verloor klante aan ander besighede wat soortgelyke produkte verkoop. Angel Clothing se bestuur wil 'n kreatiewe bemarkingsveldtog ontwerp wat verkope sal laat styg en nuwe klante sal lok. |

4.7.1 Pas die probleemoplossingstappe toe om Angel Clothing se uitdagings te oorkom. (12)

4.7.2 Beskryf die voordele van kreatiewe denke om Angel Clothing se probleme op te los. (4)

4.7.3 Gee Angel Clothing advies oor hoe hulle tyd en moeite kan bestee om hulle werknemers se welstand te verbeter. (4)
**[60]**

**VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

5.1 Noem TWEE vergoedingsmetodes wat werkgewers kan gebruik om die lone van hulle werknemers te bepaal. (2)

5.2 Verduidelik die verband tussen salarisvasstelling en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997). (4)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| TRUST MEUBELS (TM) |
|---|
| Trust Meubels het vakante poste vir 'n verkoopsbestuurder en 'n pakhuisbestuurder. Die besigheid het hierdie vakante poste in streekskoerante en aanlyn op sosiale media geadverteer. |

5.3.1 Identifiseer die tipe werwing wat deur Trust Meubels in die scenario hierbo gebruik is. Motiveer jou antwoord. (3)

5.3.2 Bespreek die voordele van die tipe werwing waarna in VRAAG 5.3.1 verwys word. (8)

5.4 Onderhoudvoering is een van die stappe wat gebruik word wanneer nuwe werknemers gekeur word.

5.4.1 Beskryf in breë trekke die doel van 'n onderhoud. (4)

5.4.2 Beskryf die rol van die aansoeker/applikant in 'n onderhoud. (6)

5.5 Stel gehalte-aanwysers vir die aankoopfunksie voor. (8)

5.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PETUNIA KWEKERY BPK. (PK)**

Petunia Kwekery Bpk. is 'n groot besigheid wat nie net in die verkoop van inheemse plante spesialiseer nie, maar ook tuindienste lewer. Die bestuur en personeel is almal aktief betrokke om te verseker dat plante van die hoogste gehalte verkoop en uitstekende tuindienste gelewer word.

Petunia Kwekery het genoeg kapitaal om die nuutste tuingereedskap te koop en gereeld marknavorsing te doen. Daar bestaan ook streng gehaltebeheer-maatreëls, soos om gereeld vir plantsiektes te toets.

5.6.1 Haal DRIE stellings uit die scenario hierbo aan en koppel elkeen aan 'n spesifieke element van Totale Gehaltebestuur (TGB). (9)

5.6.2 Brei uit oor die voordele van elk van die TGB-elemente waarna in VRAAG 5.6.1 verwys word, vir Petunia Kwekery Bpk. as 'n groot besigheid. (6)

5.7 Ontleed die negatiewe impak op besighede indien TGB swak geïmplementeer word. (10)
**[60]**

**VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**JOSH SIGHT & SOUND (JSS)**

Josh Sight & Sound verkoop televisiestelle en radio's. Die besigheid het 'n televisiestel teen 'n spesiale prys van R4 000 geadverteer. Themba wou die produk koop, maar die verkoopspersoon het vir hom gesê dat die stel eintlik vir R4 500 gemerk is.

Themba het volgehou dat hy slegs R4 000, soos geadverteer, sou betaal, en aangevoer dat hy deur die wet beskerm word. Themba het gedreig om Josh Sight & Sound te dagvaar indien hulle nie aan sy eis gehoor gee nie.

6.1.1 Noem die Wet wat Themba teen misleidende reklame beskerm. (2)

6.1.2 Identifiseer EEN verbruikersreg wat in Themba se geval geskend is. (2)

6.1.3 Ontleed die impak van die Wet waarna in VRAAG 6.1.1 verwys word, op JSS. (10)

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

6.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BELEGGINGS** |
|---|
| Claire wil R2 000 vir vyf jaar in 'n spaarplan belê. Sy is aangeraai om aanlyn te registreer en aansoek te doen of om direk na die Nasionale Tesourie te gaan. |

6.2.1 Noem die tipe belegging wat Claire aangeraai is om te kies. (2)

6.2.2 Verduidelik die voordele om in die tipe belegging, waarna in VRAAG 6.2.1 verwys word, te belê. (8)

6.3 Regverdig die belangrikheid van die POF as 'n tipe verpligte versekering. (3)

**BESIGHEIDSROLLE**

6.4 Stel maniere voor waarop besighede moeilike mense of verskillende persoonlikhede of albei kan hanteer. (10)

6.5 Jy is deel van die 'Droom Groot'-gemeenskapsprojekspan. Die sukses van hierdie projek hang van die span se doeltreffendheid af. Bespreek enige DRIE kriteria vir suksesvolle spanne. (9)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

6.6 Identifiseer die besigheidsfunksie wat verantwoordelik is vir die verbetering van die gehalte van prestasie in elk van die scenario's hieronder:

6.6.1 Direkteure gebruik verouderde inligting om strategiese besluite te neem. (2)

6.6.2 Voltooide produkte verskil van die produkspesifikasies. (2)

6.6.3 Inkomstestate en Balansstate word nie betyds voorberei vir die algemene jaarvergadering van aandeelhouers nie. (2)

6.7 Beskryf die keuringsprosedure wat Flying Colours Reklame-agentskap moet volg om die beste kandidaat vir die vakante pos van ontvangsdame te kies. (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (MAKRO-OMGEWING: BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Subashnee is al vir 15 jaar 'n apteker. Sy wil haar eie apteek in Soweto begin. Sy is nie vertroud met die uitdagings van die makro-omgewing vir haar nuwe besigheid nie.

Subashnee vra jou advies oor die uitdagings wat in die scenario hierbo genoem is. Sluit die volgende aspekte by jou antwoord in:

- Pas die PESTWO ('PESTLE')-model toe deur moontlike uitdagings in die makro-omgewing wat Subashnee se nuwe apteek kan ondervind, te identifiseer en te bespreek.
- Beveel strategieë aan wat Subashnee kan implementeer om op die geïdentifiseerde uitdagings te reageer.
- Adviseer haar oor die stappe wat sy in gedagte moet hou wanneer strategieë geëvalueer word. **[40]**

### VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (AANBIEDINGS)

**INZINC BPK. (IZ)**

Robyn ontwerp juweliersware en wil haar nuwe reeks kostuumjuweliersware aan tieners en studente verkoop. InZinc Bpk. teiken die kleremark vir tieners.

Robyn moet 'n verkoopsvoorlegging aan die direkteure van IZ Bpk. voorlê. Hulle het ingestem om haar die geleentheid te gee om by hul volgende raadsvergadering 'n voorlegging te maak. Sy het besluit dat 'n verbale aanbieding wat visuele hulpmiddels insluit, die beste sou wees.

As 'n kundige, help Robyn om 'n suksesvolle voorlegging voor te berei sodat sy die kontrak kan kry om aan IZ Bpk. te verskaf. Jou advies moet die volgende insluit:

- Verduidelik die faktore wat Robyn in ag moet neem tydens die voorbereiding van die voorlegging.
- Evalueer enige VIER toepaslike tipes visuele hulpmiddels wat haar voorlegging kan ondersteun.
- Stel maniere voor waarop Robyn op 'n professionele wyse op terugvoering kan reageer.
- Adviseer Robyn oor hoe sy op haar volgende voorlegging kan verbeter. **[40]**

**VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)**

| **CLEAN TEAM BPK. (CTB)** |
|---|
| Clean Team Bpk. is 'n nuutgestigte maatskappy wat algemene skoonmaakdienste aan groot kantoorblokke lewer. CTB wil besigheidsbeleide ontwikkel wat menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies in die werkplek aanpak. |

Skryf 'n opstel oor hoe CTB menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies kan aanpak. Jou opstel moet die volgende aspekte insluit:

- 'n Verduideliking van hoe CTB-beleide enige VYF menseregtekwessies in die werkplek kan aanpak
- 'n Bespreking oor die positiewe impak/voordele van 'n diverse arbeidsmag
- Advies oor maniere waarop geslags- en armoedekwessies in die werkplek aangepak kan word
- Aanbevelings oor maniere waarop CTB die omgewing kan beskerm en menslike gesondheid kan bevorder **[40]**

**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

| **GRAND CELLULAR BPK. (GC)** |
|---|
| Grand Cellular Bpk. is 'n groot maatskappy wat selfone, iPhones, tablette en drukkers aan die publiek en besighede verkoop.<br><br>Die maatskappy glo dat Totale Gehaltebestuur (TGB) belangrik is om dinge 'die eerste keer, elke keer' reg te kry. |

Hou die scenario oor Grand Cellular Bpk. in gedagte en skryf 'n opstel oor TGB wat die volgende aspekte dek:

- Bespreek die impak wat die volgende elemente van Totale Gehaltebestuur (TGB) op Grand Cellular Bpk. as 'n groot onderneming het:
  - Totale kliënte-/klantetevredenheid
  - Deurlopende verbetering van stelsels en prosesse
  - Deurlopende vaardigheidsontwikkeling/onderwys en opleiding
- Verduidelik die voordele wat GC sal geniet met die implementering van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.
- Stel VYF maniere voor waarop die prestasiegehalte van die bemarkingsfunksie tot die sukses van Grand Cellular Bpk. kan bydra. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou